MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========

THURSDAY, 6 JUNE 2013

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:17] Interpellations.

4. [15:00] Questions

5. [16:03] Statements by Members.

6. [16:23] Mr M G E Wiley moved without notice: That the House–

   (1) expresses its deepest sympathy to the family of traffic inspector Phumzile Banisi, who died tragically while performing his duties on the N1 highway near Worcester on Tuesday evening, 4 June 2013; and

   (2) notes that –

      (a) inspector Banisi was rendering assistance and directing traffic when he was run over by a vehicle; and

      (b) he was 42 years old and the father of five children.

   Agreed to.

7. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House –

   (1) expresses its heartfelt sympathy with those who lost their homes in the storm that hit the City of Cape Town over the past weekend; and

   (2) its condolences with the families and friends of those who lost their lives.

   Agreed to.

8. Mr M C Walters moved without notice: That the House congratulates Kirstenbosch Botanical Gardens, which celebrates its 100th birthday celebration this year, on making the City of Cape Town, the Western Cape and South Africa and all its citizens proud by taking its 33rd gold award at this year's Royal Horticultural Society Chelsea Flower Show in London.

   Agreed to.

9. Ms M Tingwe moved without notice: That the House –

(1) extends its condolences to the family and friends of the 31-year-old Luthando Namzi, who died in a motor car accident on 23 May 2013; and

(2) notes that he was a talented parliamentary official working in the National Assembly and that he once served as the media liaison officer for Ms Zodwa Magwaza when she was Minister of Social Development in the Western Cape.

Agreed to.

10. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House extends its congratulations and best wishes to Enver Duminy, who was announced today as the new CEO of Cape Town Tourism after an extensive recruitment process.

Agreed to.

11. Ms M Tingwe moved without notice: That the House celebrates 50 years of unity in Africa as we commemorate the 50th anniversary of the Organisation of African Unity, the predecessor of the African Union.

Agreed to.

12. Mr Z C Stali moved without notice: That the House notes –

(1) growing concerns by opposition parties in the City of Cape Town about the manner in which decisions are taken by the transport directorate of the City; and

(2) that there is a belief that due process is not being followed.

Agreed to.

13. Ms D Gopie moved without notice: That the House congratulates the three Western Cape detectives, Vatiswa Tshanga-Tshanga, Thando Mchithwa and Paul Moss, on receiving the award of Top Investigation Team at the National Detectives Convention.

Agreed to.

14. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –

(1) congratulates Cape Town Tourism on winning the 2013 annual Travel & Leisure SMITTY Awards (Social Media in Travel & Tourism Awards) in the category of Best Overall Use of Social Media; and

(2) notes that these prestigious global awards, announced in New York on 4 June 2013, recognise innovative use of social media in the travel industry.

Agreed to.

15. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House congratulates Dr Neliswa Gogela, a young doctor from the Groote Schuur Hospital, on receiving the Discovery Foundation Award worth R1,2 million to study, acquire experience and conduct cutting-edge clinical research in liver transplants and disease in Boston in the United States of America.

Agreed to.

16. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House congratulates the 21-year-old Sizwe Nzima from Khayelitsha on earning a spot on Forbes Magazine's list of best young African entrepreneurs under 30 for his business, Iyeza Express, which uses bicycles to deliver chronic medication to clients.

Agreed to.

17. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –

(1) congratulates three Cape Town hotels on making Travel + Leisure's list of the *50 Best Hotels in the World* for 2013;

(2) notes with pride that the local hotels that are on this prestigious list are the One & Only Hotel (14th), the Twelve Apostles Hotel and Spa (41st) and the Cape Grace Hotel (44th).

Agreed to.

18. Mr Z C Stali moved without notice: That the House expresses concerns at the increase in cases of bribery at testing centres for driving licences in the Western Cape.

Agreed to.

19. [16:32]The Deputy Speaker gave a ruling concerning a remark made by the hon M Ozinsky during the debate on 9 May 2013 and directed him to withdraw the remark.

Mr M Ozinsky, having disregarded the authority of the Chair, was ordered to withdraw from the Chamber for the remainder of the day's sitting. The ANC walked out of the Chamber in protest.

20. [16:39] The House discussed the following subject in the name of Mr M Ncedana:

The growing inequalities in the Western Cape.

Debate concluded.

21. The House adjourned at 17:20.

R G HINDLEY
Secretary to Provincial Parliament

NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========

DONDERDAG, 6 JUNIE 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:17] Interpellasies

4. [15:00] Vrae.

5. [16:03] Verklarings deur Lede.

6. [16:23] Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis–

   (1) sy innige medelye oordra aan die familie van verkeersinspekteur Phumzile Banisi, wat op Dinsdagaand, 4 Junie 2013, tragies gesterf het terwyl hy sy pligte op die N1-snelweg naby Worcester uitgevoer het; en

   (2) daarvan kennis neem dat –

      (a) inspekteur Banisi hulp verleen het en die verkeer gereël het toe hy deur ’n voertuig omgery is; en

      (b) hy 42 jaar oud was en die pa was van vyf kinders.

   Goedgekeur.

7. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

   (1) sy diepe medelye betoon met diegene wat hulle huise verloor het in die storm wat die Stad Kaapstad oor die afgelope naweek getref het; en

   (2) sy meegevoel betuig met die families en vriende van diegene wat in die storms omgekom het.

   Goedgekeur.

8. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Kirstenbosch Botaniese Tuine, wat vanjaar sy 100ste verjaardag vier, gelukwens daarmee dat hy die Stad Kaapstad, die Wes-Kaap en Suid-Afrika en al sy burgers trots gemaak het deur vir die 33ste keer ’n goue toekenning te verower by vanjaar se Chelsea Blommeskou in London, wat deur die koninklike tuinbouvereniging aangebied word.

   Goedgekeur.

9. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

   (1) sy medelye oordra aan die familie en vriende van die 31-jarige Luthando Namzi, wat op 23 Mei 2013 in ’n motorongeluk gesterf het; en

   (2) daarvan kennis neem dat hy ’n talentvolle parlementêre amptenaar was wat in die Nasionale Vergadering gewerk het en dat hy vroeër ook as mediaskakelbeampte vir me Zodwa Magwaza gewerk het toe sy nog die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling in die Wes-Kaap was.

   Goedgekeur.

10. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge en beste wense oordra aan Enver Duminy, nadat daar vandag aangekondig is dat hy, ná ’n deeglike werwingsproses, as die nuwe hoof- uitvoerende beampte van Kaapstad Toerisme aangewys is.

    Goedgekeur.

11. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis 50 jaar van eenheid in Afrika gedenk terwyl ons die 50ste verjaardag vier van die Organisasie van Afrika-eenheid, die voorganger van die Afrika-unie van vandag.

    Goedgekeur.

12. Mnr Z C Stali stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem –

    (1) van toenemende kommer onder opposisiepartye in die Stad Kaapstad oor die manier waarop besluite deur die vervoerdirektoraat van die Stad geneem word; en

    (2) daarvan dat daar gereken word dat daar nie behoorlik ag geslaan word op prosesse nie.

    Goedgekeur.

13. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die drie Wes-Kaapse speurders, Vatiswa Tshanga-Tshanga, Thando Mchithwa en Paul Moss, gelukwens met die prestasie om by die Nasionale Konvensie vir Speurders die toekenning te ontvang van die Topondersoekspan.

    Goedgekeur.

14. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

    (1) Kaapstad Toerisme gelukwens met die wen van die jaarlikse *Travel & Leisure SMITTY*-toekennings vir 2013 (toekennings ten opsigte van die sosiale media in reis & toerisme) in die kategorie Beste Algehele Gebruik van die Sosiale Media; en

    (2) daarvan kennis neem dat dié toonaangewende internasionale toekennings, wat op 4 Junie 2013 in New York aangekondig is, erkenning gee aan die innoverende gebruik van die sosiale media in die reisbedryf.

    Goedgekeur.

15. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Neliswa Gogela, ’n jong dokter van die Groote Schuur-hospitaal, gelukwens met die ontvangs van die toekenning deur die Discovery-stigting, wat R1,2 miljoen bedra, om te studeer, ondervinding op te doen en toonaangewende kliniese navorsing te doen in leweroorplantings en -siektes in Boston in die Verenigde State van Amerika.

    Goedgekeur.

16. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 21-jarige Sizwe Nzima van Khayelitsha gelukwens omdat hy op die *Forbes Magazine* se lys van die beste jong Afrika-entrepreneurs onder 30 jaar verskyn, op grond van sy onderneming, Iyeza Express, wat gebruik maak van fietse om chroniese medikasie aan kliënte te verskaf.

    Goedgekeur.

17. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

    (1) drie Kaapstadse hotels gelukwens omdat hulle op *Travel + Leisure* se lys van die *50 Beste Hotels in die Wêreld* vir 2013 verskyn;

    (2) met trots daarvan kennis neem dat die plaaslike hotels wat op dié gesaghebbende lys verskyn die *One & Only Hotel* (14de), die *Twelve Apostles Hotel and Spa* (41ste) en die *Cape Grace Hotel* (44ste) is.

    Goedgekeur.

18. Mnr Z C Stali stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy kommer uitspreek oor die toename in gevalle van omkopery by toetssentrums vir bestuurslisensies in die Wes-Kaap.

    Goedgekeur.

19. [16:32] Die Adjunk Speaker gee ‘n beslissing oor ‘n opmerking wat die agb M Ozinsky gedurende die debat op 9 Mei 2013 gemaak het en gelas hom om die opmerking terug te trek.

    Nadat mnr M Ozinsky die gesag van die Stoel verontagsaam het, word hy gelas om die Raadsaal vir die res van die dag se sitting te verlaat. Die ANC verlaat die Raadsaal uit protes.

20. [16:39] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van mnr M Ncedana:

    Toenemende ongelykheid in die Wes-Kaap.

    Debat afgesluit.

21. Die Huis verdaag om 17:20.

R G HINDLEY
Sekretaris van die Provinsiale Parlement